*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 30 November 2025**
**1e Advent**

**Laat ons in God se paaie wandel en so Sy vrede uitdeel aan ander,**
**terwyl ons wag dat Hy (weer) kom.**

*"Baie volke sal gaan en sê: 'Kom, laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, sodat Hy ons van sy paaie kan leer en ons sy weë kan volg'"*
(Jesaja 2:3)
*"Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."*
(Matteus 5:9)

Advent is 'n seisoen van wag. Tydens Advent wag ons vir iets om in die wêreld te gebeur, iets om vir ons en in ons gebore te word... 'n Tyd van afwagting. Dit vra gewilligheid om die nuwe, die onverwagte te ontvang. Dit vra van ons om oop te wees vir die manier waarop God in ons lewe aan die werk is.

In Jesaja sien ons die belofte van 'n universele vrede wat sal kom – vrede vir almal, oor die ganse aarde. Dit klink amper na 'n onmoontlike droom. Die teks in Jesaja 2 begin egter met die versekering dat dit wat volg nie 'n menslike droom is nie, maar 'n goddelike openbaring wat Jesaja gesien het. Dit is die vaste belofte van die een ware God wat oor die wêreld regeer. Ons hoor hoe daar 'n tyd gaan kom waar alle nasies na die berg van die Here stroom, nie om te aanbid nie, maar om onderrig te word. En nie net om kennis op te doen nie, maar om werklik in sy paaie te wandel, dat so die wet van God kan uitgaan na die wêreld en die lewe van die nasies kan vorm. Slegs wanneer die berg van die Here verhef word, en alle mense daarheen stroom, en almal volgens God se wet leef, en God vrede met geregtigheid bring, ... slegs dán kan daar vrede op aarde wees.

Nadat Hy die komende vrede aangekondig het, roep God sy mense om in die lig van daardie visioen te wandel. Ons leef as gelowiges in die tyd tussen Christus se eerste en tweede koms. In hierdie tussentyd roep God ons as gelowiges om hier waar ons in 'n oorlog-geteisterde wereld leef, en in gemeenskappe vol van klein en groot dade van geweld, waar ons selfs in ons eie huise kan kyk vir voorbeelde van geweld wat ons na vrede laat verlang nie ... om met hoop te leef, vredemakers te wees, deur te lewe in die lig van God se beloofde vrede. 'n Oproep om deur geloof te leef, met ons oog op die vrede wat eendag sal regeer, draers van hoop te wees in 'n wêreld waar ons nie die vrede van God kan sien nie. Van 'n bergtop af het Jesus gesê: *"Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word"* (Matteus 5:9).

**Ds. Janke Hurter.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom ook aan besoekers en iedereen wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
By die deure en agter op die tafel is Bybels en Liedboeke, sodat jy aan ons liturgie kan deelneem en saam aanbid. Ons is bly dat jy hier is...

## Liturgie:

**Kloklui…**

**Verwelkoming**

**Wydingslied:** “God is hier teenwoordig” (Lied 159 vers 1, 2 en 3)

**Seëngroet en Votum**

**Loflied:** “Prys Hom, die Hemelvors” (Lied 202 vers 1, 2 en 3)

**Wet:** Jesaja 1:17

**Oomblik van stilte vir verootmoediging …**

**Skuldbelydenisgebed**

**Genadeverkondiging:** Jesaja 1:18

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Danklied:** “Grote God, aan U die eer” (Lied 190 vers 1, 2 en 3)

**Aansteek van Adventskers 1:**
**Liturg:** Kom laat ons leef in die lig wat van die Here afkom.
**Gemeente:** Kom laat ons leer om in Sy paaie te wandel.

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Jesaja 2:1-5

**Verkondiging**

**Oomblik van stilte vir nadenking …**

**Gebedslied:** **“**Dié wat die Here wil dien” (Lied 601 vers 1, 2, 3, 4 en 5)

**Bevestiging van nuwe Kerkraadslede**

**Gebedslied:** “Laat, Heer, u seën op hul daal” (Psalm 134 / Lied 268)

**Ons sê dankie …**

**Danklied:** “Ere aan God, ere aan God” (Lied 369 – Afrikaans en Latyn)

**Dankoffers**

**Toewydingslied:** **“**Leer ons U vertrou, o Here” (Lied 517 vers 1, 2 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend die Nagmaalsdiens by Siësta, en sluit later by ons aan.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 30 Nov. | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé en Jaarwydingsdiens) – ons nooi almal wat vanjaar 'n nuwe lewetjie ontvang het in hul gesin of familie, òf wat 'n geliefde moes groet om by hierdie geleentheid terug te dink… |
| Sondag, 7 Des. | 09:30 – Ds Jan Lubbe: 2e Advent – Jesaja 35 |
| Sondag, 14 Des. | 09:30 – Ds Jan Lubbe: 3e Advent – Jesaja 59 |
| Dinsdag, 16 Des. | 09:00 – Ds Janke Hurter (Versoeningsdiens) |
| Sondag, 21 Des. | 09:30 – Ds Jan Lubbe: 4e Advent – Jesaja 62 |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 30 Nov. | Ronnie Bester, Calista Botha en Chris Jordaan. |
| 01 Des. | Dawie Human en Martelize Vermaak. |
| 02 Des. | Elsa Fourie en Michellé Strauss. |
| 03 Des. | Francois Cilliers, Petro Crause, Hendrik Hoffman, Erika Reitz en Erika Weyers. |
| 04 Des. | Alice Langenhoven. |
| 05 Des. | Jaco Cilliers, Mienke Esterhuyse, Nico Muller, Stefan Pretorius, David-R Samuel. |
| 06 Des. | Heloïse Denner, Martie Jansen, Dalene Meintjies, Elmare Retief en Adele van Jaarsveld. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Linette Peltzer (Camelot 8, wyk 16); Tannie Marianne Janse van Rensburg (Oliewenlaan 21, wyk 17); Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Vilca Rawlins (Sewe Damme 77, wyk 8b); Hercules Pretorius (Noorderbloem) en Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a). Ons dink ook aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel aan Janet en Herman Kleynhans, (klein) Dawie en Annelize (Albrechtstr. 118, wyk 7a), met die heengaan van Dawie Malan – sy gedenkdiens was Vrydagoggend hier in Berg-en-Dal. Ons het ook verneem dat Cas Harris se broer in Kimberley oorlede is, en dat Vrydagoggend Tannie Kleintjie van der Walt heengegaan het (Bewarea 19, wyk 8c) – ons meegevoel aan haar geliefdes. En dan is vind die gedenkdiens vir dr Johan Cilliers, vroeër van C'est la Vie en toe Pretoria, mêre-middag, 1 Desember 2025 om 16:00 hier in ons kerkgebou plaas.

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Ons Bybelstudies vir die jaar het in die afgelope week afgesluit – ons hervat weer op 28 en 29 Januarie 2026, ná die Week van Gebed. Baie dankie aan almal wat vanjaar die reise deur verskillende Bybelgedeeltes meegemaak het; mag dit groei en seën in ons binneste bring; ook deur die voorreg wat dit was om weekliks so saam te kon kuier.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:** In Desember sorg **Barmhartigheid** en Vrywilligers vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na

Anchor of Hope-Shelter. Indien jy graag hiermee wil help – veral in die komende vakansietyd – kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie aan almal wat deur 2025 hiermee 'n hand bygesit het; in November was dit Wyke 20, 1 en 2; dankie!

**Kerkraadsverkiesing:**
Tydens die kerkraadsvergadering van 9 November en in 'n elektroniese stemming daarná, is die volgende lidmate as kerkraadslede verkies/herkies, en word hul vanoggend bevestig:

| | |
|---|---|
| Bestuursraadsvoorsitter: | Ellen-Anne Swart |
| Leierouderling: | Oudl. Faan du Toit |
| Leierdiaken: | Diak. JP Joubert |
| Wyksouderlinge: | Oudle. Pieter Klindt, Francois Laux, Geo Jooste, Claudine Engelbrecht en Christo Boshoff (almal herkies), en Johan de Beer, Menitza Gutter, (ds) Wynand Retief en Bennie Grové. |
| Wyksdiakens: | Diak. Mia de Jager (herkies) en Jacquelle Malan. |

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING
**Leesstof:** Kom ondersteun ons eie CLF-boekwinkel Sondag (23/11) ná die erediens in die binnehof. Daar's pragtige boeke beskikbaar—ideaal vir Kersgeskenke, o.a die *Uit die Beek*-dagboek vir 2026, geskryf deur Stephan Joubert @ R 250; kom koop joune...

### GETUIENISBEDIENING
**Naaldwerkklasse:** Afsluiting vir huishulpe op Dinsdagmiddag, 2 Desember 14:00; enigeen wat dit wil bywoon, is hartlik welkom. 📞 Marina Hegter by 083 740 3481 vir meer inligting.

**Baie, baie dankie!**
Ons is oorval met skenkings vir **Siësta Afdeling vir Brose Bejaardesorg** en **Tswellang Skool** (leerders met spesiale behoeftes) vir hierdie Kerstyd; dit word môre na Tswellang geneem en Donderdagaand by Siësta se Afsluitingsfunksie oorhandig – as jy gou nog ná die diens of môre-oggend iets wil kom bysit; dankie.

**Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Daar is drie kinders wat oor Kersfees by Gladstonweg-huis agterbly; indien iemand na hul wil uitreik of iets wil skenk, kontak vir Joanita Rossouw (082 3268 966).

**Torings van Hoop:** Voorbereidings word getref vir die jaarlikse Kersdiens en -ete by Twee-toringkerk in die middestad; skenkings van nie-bederfbare voedsel & bestanddele is welkom; kontak ons Kerkkantoor.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 30 November: **Teologiese Studente Bystandfonds.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**